# AGRIBEL
## BEHEREND BEPERK

**(Registrasienommer: 1996/017629/06)**
**("die maatskappy")**

**VERKLARING VAN FINALE EN SPESIALE DIVIDEND**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n finale dividend (nr. 44) van 25 sent per aandeel asook 'n spesiale dividend (nr. 45) van 21 sent per aandeel op 6 Julie 2022 verklaar het vir die periode geëindig 30 April 2022.

Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele:

| Aksie | Datum |
|---|---|
| Laaste dag vir indien van skripdividend/terugkoopprogram keusevorm: | Maandag, 15 Augustus 2022 |
| Laaste dag vir verhandeling: | Dinsdag, 23 Augustus 2022 om 16:00 |
| Rekorddatum: | Woensdag, 24 Augustus 2022 om 08:00 |
| Betaaldatum van dividend: | Dinsdag, 30 Augustus 2022 |

Dividendbelasting sal teruggehou word teen 20% van die bruto dividend van 46 sent per aandeel, tensy 'n aandeelhouer kwalifiseer vir vrystelling. Nadat die dividendbelasting teruggehou is, sal die netto dividend 36,8 sent per aandeel beloop.

**SKRIPDIVIDEND AANBOD**

KENNIS WORD HIERMEE VERDER GEGEE dat die direksie besluit het om aandeelhouers die geleentheid te bied om gewone aandele in die maatskappy te ontvang in plaas van die kontantdividend teen 'n uitgifte prys van R7 per gewone aandeel ("skripdividend").

Aandeelhouers is nie verplig om deel te neem aan die skripdividend of om op die aanbod te reageer nie. Indien 'n aandeelhouer nie op die skripdividend-aanbod reageer nie, sal die kontantdividende in die normale gang ontvang word.

Indien 'n aandeelhouer wel besluit om aan die skripdividend aanbod deel te neem kan gekies word om die helfte (50%) van die kontantdividend as aandele in die maatskappy ("aandele") te ontvang. 'n Aandeelhouer kan slegs ten volle deelneem aan die skrip dividend keuse soos bo genoem.

Die aantal aandele waarop 'n aandeelhouer geregtig sal wees, sal bepaal word met betrekking tot die verhouding wat 1c (een sent) kontantdividende dra tot die skripdividendprys van R7 (sewe rand) per aandeel wat deur die raad goedgekeur is.

**TERUGKOOPPROGRAM**

KENNIS WORD OOK GEGEE dat dat die direksie besluit het om 'n aandeleterugkoop te doen op Agribel aandele. Die terugkoopprogram sal teen R7 per aandeel geskied en sal beperk word tot R27 miljoen se waarde. Aandeelhouers is nie verplig om aan die terugkoop deel te neem nie. Volle besonderhede sal by wyse van omsendbrief aan aandeelhouers kommunikeer word.

**FINANSIELE RESULTATE**

Die maatskappy het 'n 73,5% aandeelhouding in Senwes Beperk. Die geouditeerde finasiele state van Senwes vir die periode geëindig 30 April 2022 is op die internet by www.senwes.co.za beskikbaar. Alternatiewelik kan die maatskappysekretaris van Senwes by 018 464 7104 gekontak word vir 'n afskrif.

'n Omsendskrywe met die volle besonderhede van die skripdividend en terugkoop aanbod sal op 15 Julie 2022 versprei word. Die laaste dag vir die indien van die skripdividend keusevorm sal 15 Augustus 2022 wees.

In opdrag van die direksie.

**AE Scholtz**
**Maatskappysekretaris**
Klerksdorp
6 Julie 2022
Tel nr: 012 667 6454

http://senwes/ab22A